


*Elke huis het sy kruis.*

**Elke huis het sy sorge en probleme.**



***Die appel val nie ver van die boom nie***

**Die kind is soos die pa of ma.**



***Balke saag***

**Wanneer ‘n persoon snork.**



# *’n Nuwe blaadjie omslaan*

**Opnuut begin met die voorneme om beter te doen.**



***Sy bloed kook***

**Hy is baie kwaad.**





***As die kat weg is, is die muis baas***

**As die baas (die ouers) weg is, maak sy werkers (die kinders) nes hulle wil.**



*Vir iemand 'n klip uit die pad rol.*

**Iemand 'n groot guns bewys.**



# *Jou kop in 'n bynes steek.*

**Jou met ’n saak bemoei wat jou in groot moeilikheid gaan dompel.**




***Haar kop is vol muisneste.***

**Sy is so verlief dat sy net die hele tyd aan haar kêrel dink.**



# *As dit pap reën, moet jy skep.*

**Benut die geleentheid terwyl dit daar is.**



***’n Wolf in skaapklere.***

**’n Skynheilige mens.**